Mei 2020

Die pragtige herfsdae word al korter, en die meeste daarvan moes ons binnenshuis geniet. Ons het nog nooit so baie foto's van mooi wolke en sonsondergange geneem nie! Gelukkig kan ons darem nou weer stap, draf of fietsry, en ons troeteldiere kan weer hul ou snuffel paadjies in die buurt verken.

Miskien is jy ook onder die bevoorregtes wat met redelike sekuriteit van die huis af werk; miskien het jy dit in elk geval al gedoen, of die aard van jou werk laat dit toe. In hierdie weke sal miljoene mense weer stuk-stuk terugkeer na hul werkplek. Party moet nuwe maniere ontdek om produkte of dienste te lewer. Almal moet egter aanpas by die "nuwe normaal" – sosiale afstand hou, geen handdrukke of drukkies, en glimlagte versteek agter verpligte maskers.

Ten spyte van al die waarskuwings, kon niemand ons regtig voorberei op wat ons in hierdie tyd beleef nie: kinders wat tuis onderrig moet word, ongekende finansiële druk en bekommernis oor die ekonomie; vrese en versigtigheid oor ons (en ons land se mense) se gesondheid, en deesdae ook frustrasie en opstandigheid.

Kerkwees in die tyd van Covid-19 hou unieke uitdagings in, en ons kon weinig voorbereidings tref hiervoor. Die doel van hierdie brief is om met jou te kommunikeer oor hoe ons steeds kerk is, en wat ons steeds glo, hoop en droom.

In die eerste plek moes ons vrede maak met die feit dat eredienste, net soos alle byeenkomste, vir eers nie prioriteit is nie. Dit breek ons hart, en laat ons opnuut na ons mense verlang en hulle waardeer. Ons aanvaar egter dat dit nodig is, en hoop dat ons aanlyn-preke jou bereik. Gaan kyk asseblief na die gemeente se webblad by https://ngkbloubergstrand.co.za onder **Eredienste** om te volg, of gaan direk na ons YouTube-kanaal. Ons is nou, in die tyd na Paasfees, in besonder geïnspireer deur die Hebreërbrief, met die voorrang van Jesus as fokus. Ons probeer moeite doen met kindertyd, samesang, besprekingsvrae en 'n speellys met gepaste musiek. Op ons YouTube-kanaal is ook heerlike geselsies wat van ons jong leiers het met vriende en gemeentelede.

Dit is vir ons wonderlik om te sien hoe groepe gelowiges in ons kring mekaar aanhou opsoek en bemoedig. Vriende help mekaar met glimlagte, inkopies en mededeelsaamheid; groepe hou Bybelstudie en vergaderings **aanlyn**; besorgde oproepe na bejaardes en siekes word getrou gedoen. Selfs ons kategese leiers gee nou aanlyn-klasse. Onthou asseblief dat die leraars beskikbaar is as jy wil gesels – jy kan sommer net bel. Ons bevestig ook dat ons hierdie week begin met Bybelstudie aanlyn: al wat jy hoef te doen is om 'n groep van tien persone bymekaar te kry en een van die leraars te kontak.

Ons het ook die afgelope week 'n Whatsapp-profiel vir die kerk gefinaliseer. Ons sal vir jou 'n skakel stuur, en wanneer jy daarop kliek, sal dit vir jou die opsie gee om deel te word van die gemeente se groep. Dit gee ons 'n maklike manier om met ons mense te kommunikeer wat **nie toegang tot e-pos het nie**. Hierdie is ook 'n goeie tyd om seker te maak jou besonderhede is korrek op ons databasis. Veral jou epos-adres is van groot belang, omdat slakkepos 'n toenemend groter probleem word. Stuur asseblief 'n epos na kommunikasie@ngkbloubergstrand.co.za vanaf jou korrekte epos, en onthou om vriende aan te por om dieselfde te doen.

Bataviastraat 3, Bloubergstrand, 7441 | Posbus 17, Bloubergstrand, 7436 | Tel: +2721 554 1290
E-pos: ngkblouberg@mweb.co.za | Web: www.ngkbloubergstrand.co.za

Ds Marthinus Britz: Tel: 082 603 5508 / thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie Dercksen: Tel: 083 276 4944 / elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie Steyn: Tel: 083 461 1220 / marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

Ten spyte van ons liefde vir ons mense, en ons geloof in die erediens as ‘n spesiale byeenkoms, het ons nog altyd geglo dat kerk toe gaan nie kerkwees is nie. Hierdie oortuiging het die Here aan ons bevestig in hierdie donker dae. Ons is onbeskryflik dankbaar dat ons kan voortgaan om diegene te **versorg** wat God in die verlede aan ons toevertrou het: alle bedienings wat kos voorsien aan minderbevoorregtes gaan steeds voort soos gewoonlik. Ons sendeling in Lebanon vertel dat dit goed gaan ten spyte van grendeltyd en onluste, en Foundation Backbone is hoopvol en vol nuwe planne, selfs te midde van ontwrigting. Heelparty van julle maak bydraes vir die Ysterplaat Kospakkies (soos dit op ons afkondigings was), en ons is dankbaar om te kan berig dat daar tot dusver meer as 400 pakkies per week uitgedeel is. Die mense by Echo Jeugontwikkeling en Albow Gardens is steeds goed versorg, en Bloubergstrand Maatskaplike Dienste (BMD) het heelparty samewerkingsooreenkomste met organisasies en klein besighede om voedsel te voorsien aan behoeftiges. Indien jy of iemand wat jy ken ‘n behoefte het, kontak vir Thamar Jacobs, ons maatskaplike werker, by thamar@ngkbloubergstrand.co.za .

Indien jy ‘n finansiële bydrae wil maak vir spesifiek hierdie doeleindes, kan jy EFT soos gewoonlik, en dit merk Covid Kos. Ons het ons Snapscan vergemaklik sodat daardie opsie duidelik sigbaar is, en Payfast-knoppies op ons webblad gevoeg met ‘n verskeidenheid bedrae as keuses. (Jy kan nou op jou slimfoon op die Snapscan kode kliek om die betaling te doen i.p.v om te scan)

Hoewel ons (soos sekerlik almal) in hierdie tyd ‘n finansiële vuishou trotseer, kan ons die skade nog absorbeer en kon ons tot dusver nog al ons verpligtinge nakom, byvoorbeeld personeel se salarisse betaal. Ons is so dankbaar vir elkeen wat hul deel bydra met maandelikse dankoffers en virtuele bankkollektes.

Ons **beplanning** vir die res van die jaar is natuurlik behoorlik omvergewerp, en die funksies wat ons beoog het, daarmee saam. Ons vertrou dat julle begrip het vir die feit dat ons vasvra-aand, ete vir vrywilligers en selfs die *Vonkelfees* (as gevolg van gebrek aan tyd vir voorbereiding) nie sal kan plaasvind nie. Ons droom egter steeds dat ons *Huweliksverrykingsnaweek* in September dalk sal kan voortgaan – selfs al is dit met maskers!

Ons onderneem ook dat ons oombliklik, wanneer omstandighede dit toelaat, sal terugkeer na ons geliefde kerkgeboutjie vir byeenkomste en hopelik eredienste – ons kan net dink hoe gaan ons die Here prys dat die dak lig!

Hoewel die onverwagse stilte en passiwiteit op ‘n mens se senuwees kan werk, en ons almal dae deurgaan waar ons wil moed verloor, kry ons ook terugvoer van heelparty van julle dat hierdie vreemde tyd julle goed doen. Families het tyd vir saam eet en gesels, ons het tyd vir dink en oordink en jaag nie net rond nie. Ons hoop van harte dat jy ook hierdie tyd benut vir intimiteit met God, rus en bid. Ons tree ook in vir julle en jul mense, vir ons land en haar leiers, en vir die wêreld se genesing. Jesus is ons Heer, en daar was al ontelbaar gelowiges wat in moeilike tye moes leer om te volhard.

Daarom, steeds, is al van belang: ***geloof wat in liefde tot dade oorgaan*** (Gal. 5:6b).

Namens die kerkraad

Ds Thinus *Ds Elmarie* *Ds Marietjie*

Snapscan

Maandelikse debietorder vorms is beskikbaar op ons webwerf (www.ngkbloubergstrand.co.za)

Bankbesonderhede: NG Kerk Bloubergstrand, ABSA Table View, Tjek rek nr: 327 014 0539, Takkode: 632005